



#3

# HOE OM DIE LOTTO TE WEN

Iemand het eenmaal gesê: “As jy graag aan die Lotto wil deelneem, koop eers jou kaartjie Saterdagoggend, want statisties is die kans dat jy kan sterf voor Saterdag groter as dat jy die Lotto sal wen.”

Tog droom ons almal van daardie miljoene wat ons s’n kan wees. Ons meen dit is die oplossing vir ons lewe. Ons almal sal kan doen met ’n miljoen.

Jesus wys vir ons ’n ander prentjie.

**Bespreking**
Lees die volgende tekste:

- Markus 8:34-38
- Lukas 12:15
- Galasiërs 2:20

(Lees dit ook in *The Message* vertaling indien moontlik.)

- Wat in die tekste het jou spesiaal opgeval, wat het jou spesifiek aangeraak?
- Wat het jou verras?
- Wat het jou ontwrig?



## Week #3 Geestelike Dissipline

# Afstand doen

Wanneer ons "afstand doen" van dinge, is dit ons begeerte om 'n gees van vertroue op God alleen te versterk. Ons kan dit so definieer:

Afstand doen beteken om ons verhouding met enigiets wat vir ons
1. soos 'n afgod word, of
2. ons persoonlike (selfsugtige) doelwitte en agendas vir sukses, vir geld, vir mag, vir ego en selfbeeld,
te verruil vir 'n volle oorgawe en vertroue op God alleen.

**Lees hierdie teksgedeeltes:**

- Markus 8:34-35
- Lukas 12:15
- Galasiërs 2:20

**Vrae vir refleksie**

** Reflekteer alleen oor hierdie vrae of bespreek dit in jou Kleingroep.*

1. Hoe hanteer jy mislukking en swakheid, swaarkry en verlies?
2. Wat sê dit vir jou oor hoe jy verknog is aan en aanpas by die wêreld se siening van sukses, mag en selfwaarde?
3. Op watter maniere het foute en mislukkings wat jy al beleef het, vir jou goeie lesse geleer?
4. Was daar geleenthede waar tye van verlies vir God meer "regtig" gemaak het?
5. Dink aan jouself: Wat omtrent jouself is jy die meeste verknog aan?
6. Verbeel jou dat iemand 'n huldeblyk oor jou moet gee. Wat sal jy wil hê moet hy/sy oor jou sê?



**Geestelike oefeninge**

**Kies 1-2 (of meer as jy kans sien) van die volgende geestelike oefeninge om die dissipline van dankbaarheid in te oefen.*

**1** Maak 'n verknogtheid-inventaris.
Maak 'n lys van die verdedigingsmeganismes waaraan jy verknog is (sarkasme, woede uitbarstings, onttrekking, grapjas speel)?

- Vra God om jou bewus te maak van die tye wanneer jy instinktief in jou verdedigingsmeganisme ingaan. Dink aan wat presies hierdie reaksie begin.
- Wat anders sou jy graag as reaksie wou doen?
- Deel jou gewaarwordinge met 'n betroubare vriend en vra hom/haar om saam met jou te bid hieroor. Vra die Heilige Gees om jou verknogtheid aan hierdie gedragspatrone te verander.

**2** Oefen om dinge af te staan deur iets waaraan jy verknog is, weg te gee (geld, tyd, besittings). Let op die gevoel wat jy ervaar wanneer jy daaraan dink dat jy iets moet weggee.

- Spandeer tyd om met God te praat oor jou verknogtheid aan dinge.

**3** Stap deur jou huis of kantoor. In jou gedagtes, gee alles wat jy het aan God. Sê vir Hom dat jy sonder dit alles sal kan lewe.

- Hoe voel dit vir jou om so te bid?

**4** Probeer raaksien hoe jy verknog is aan etikette ("labels"). Hoe gebruik jy etikette om mense te beoordeel? Hoe geheg is jy aan jou eie professionele etiket? Wanneer staan professionele etikette in die pad van egte verhoudings met mense?

- Hoe anders kan jy 'n gesprek begin eerder as met die vraag: "Wat is jou beroep?" Probeer dink aan ander vrae wat jou sal help om 'n persoon op 'n dieper vlak te leer ken.

.



**5** In watter area van jou lewe benodig jy Christus se gees van "afstand doen"? In watter areas van jou lewe benodig jy genade om te kan bid: "Here, nie my wil nie, maar Ú wil."?

- Hoe voel dit vir jou om so te bid?
- Hoe raak hierdie manier van bid jou eie lewe aan, as jy besef dat Jesus werklik so gebid en geleef het?

**6** Vra God om vir jou 'n geleentheid te gee om meer afstand te doen van sekondêre dinge. Deel jou motor, jou huis, jou tweede huis, jou tyd, jou kundigheid met iemand hierdie week.

**Gebed vir die week**

Here,
ek wil graag my lewe behou, en ook die van my geliefdes.

Help my om die regte keuses te maak, om my hart te verbind aan wat ewige geluk gee. Ek wil U dien, en nie bloot my aardse belange nie.

Ek gee my oor aan U en ek doen afstand van alles wat in die pad staan van my verhouding en my volkome toegewydheid aan U.

Ek vertrou op U. Nie my wil nie, maar laat U wil geskied.

Amen

